basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET CIVIC-ORGANISASIES (BURGERLIKE ORGANISASIES) IN DIE 1980's PLAASLIKE GEMEENSKAPPE GEMOBILISEER OM DIE APARTHEIDSREGERING SE STRUKTURE IN SUID-AFRIKA TEEN TE STAAN?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Noem die Wetsontwerp, in die bron, wat in 1980 deur die apartheidsregering voorgelê is om plaaslike owerheidstrukture te skep. (1 x 1) (1)

1.1.2 Haal TWEE voorwaardes van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, vir swart inwoners in townships, uit die bron aan. (2 x 1) (2)

1.1.3 Maak 'n lys van DRIE probleme, volgens die bron, wat pas gestigte civic-organisasies (burgerlike organisasies) veronderstel was om in hulle plaaslike gemeenskappe aan te pak (op te los). (3 x 1) (3)

1.1.4 Lewer kommentaar op wat met die stelling, '… hantering van hierdie oorlewingskwessies het hulle (civic-organisasies) outomaties na politieke kwessies gedryf', in hulle townships geïmpliseer word. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie plakkaat geskep? (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom dit gedurende die inwonersvergadering vir dr. Motlana belangrik was om oor 'Die Rol van Civic-verenigings' te praat. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Identifiseer die organisasie in die bron wat in die 1980's die huur- en diensteklagtes van die Thembisa-inwoners gesteun het. (1 x 1) (1)

1.3.2 Waarom, dink jy, is Jaki Seroke deur die Suid-Afrikaanse Polisiebeampte (Van Niekerk) aangehou 'n dag nadat Thembisa-inwoners 'n optog teen huur en dienste gehou het? (1 x 2) (2)

1.3.3 Volgens die bron, gee enige DRIE bepalings van die Algemene Regswysigingswet met betrekking tot die behandeling van aangehoudenes. (3 x 1) (3)

1.3.4 Definieer die term *huurboikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.5 Verduidelik waarom diegene wat die huurboikot teengestaan het, as marionette ('puppets') van die township-superintendent beskou is. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1D.

1.4.1 Haal TWEE redes uit die bron aan waarom township-inwoners in die Vaalgebied dit nie kon bekostig om huur te betaal nie. (2 x 1) (2)

1.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom daar in 1984 baie township-raadslede was wat bedank het. (2 x 2) (4)

1.4.3 Verduidelik die konsep *slagting* in die konteks van die regering se reaksie op huurprotesgangers (betogers) in Mamelodi. (1 x 2) (2)

1.4.4 Waarom sou 'n geskiedkundige hierdie bron as bruikbaar beskou wanneer die apartheidsregering se reaksie op huurboikotte in townships nagevors word? (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1D ondersteun rakende die protesaksies in die 1980's teen swart plaaslike owerhede. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe civic-organisasies (burgerlike organisasies) in die 1980's plaaslike gemeenskappe gemobiliseer het om die apartheidsregering se strukture in Suid-Afrika teen te staan. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARTOE IN STAAT OM VIR DIE FAMILIE VAN SIZWE KONDILE AFSLUITING TE GEE OOR SY MOORD IN 1981 AS 'N ANTI-APARTHEID-AKTIVIS?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, wanneer het Sizwe Kondile en nog vyf persone 'n ondergrondse ANC-sel binne die land gestig? (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem DRIE van Sizwe Kondile se sellede in die bron wat besluit het om in September 1980 die land te verlaat. (3 x 1) (3)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Kondile en sy vriend 'n sending onderneem het om heen en weer tussen Lesotho en Suid-Afrika te beweeg (1 x 2) (2)

2.1.4 Definieer die term *verraaier* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Noem DRIE senior offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisie in die bron wat erken het dat hulle Sizwe Kondile vermoor het. (3 x 1) (3)

2.2.2 Verduidelik die term *getuienis* in die konteks van die aansoek om amnestie. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling, '… as jy werklik berouvol (jammer) was, sou jy nie om amnestie aansoek gedoen het nie, maar sou jy, in werklikheid, tereggestaan het vir wat jy gedoen het', met betrekking tot Coetzee se versoek om vergifnis. (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en noem waarom jy dink Charity Kondile tot die gevolgtrekking gekom het dat sy nie vir Dirk Coetzee kon vergewe vir wat hy aan haar seun gedoen het nie. (1 x 2) (2)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik waarom hierdie foto baie belangrik vir die Kondile-familie kon wees. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Vusi Pikoli by die Kondile-familie aangesluit het. (2 x 2) (4)

2.3.3 Lewer kommentaar op of jy dink die geestelike repatriasie van Sizwe Kondile afsluiting vir sy familie kon bring omdat daar geen begrafnis vir hom was nie. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Haal uit die bron enige VIER maniere aan wat aandui hoe Sizwe Kondile deur die toedoen van die polisie gesterf het. (4 x 1) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op waarom 'n geestelike repatriasie vir die Kondile-familie nodig was. (1 x 2) (2)

2.4.3 Waarom het Masutha geglo dat die seremonie in 2016 ' 'n oomblik van nadenke vir ons almal' was? (1 x 2) (2)

2.4.4 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige dit as 'n betroubare bron kan beskou vir navorsing oor die seremoniële begrafnis van Sizwe Kondile. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2D van die bewyse in Bron 2B verskil oor die verkryging van afsluiting vir die Kondile-familie. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daartoe om staat was om vir die familie van Sizwe Kondile afsluiting te gee oor sy moord in 1981 as 'n anti-apartheid-aktivis. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WAAROM WAS DAAR IN 2011 WEERSTAND TEEN WALMART SE UITBREIDING NA SUID-AFRIKA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Gee DRIE redes in die bron waarom maatskappye hulle aktiwiteite oor grense heen uitbrei. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Walmart 'n aggressiewe globaliseringstrategie gevolg het. (1 x 2) (2)

3.1.4 Noem enige TWEE faktore, volgens die bron, wat dit vir firmas makliker gemaak het om besigheid oor grense heen te bedryf. (2 x 1) (2)

3.1.5 Verduidelik die betekenis van die stelling, '... Suid-Afrika (is) relatief oop vir handel', in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? (1 x 2) (2)

3.2.2 Lewer kommentaar op die betekenis van die woorde, 'WALMART – DIE EKONOMIESE KOLONISEERDER!' (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n navorser wat die impak van globalisering op Suid-Afrika bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Volgens die bron, waarom sou die teenwoordigheid van Walmart in Suid-Afrika die plaaslike indiensneming- en plaaslike vervaardigingsektore negatief beïnvloed? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Walmart se toetrede tot Suid-Afrika tot disindustrialisasie binne die vervaardigingsektor sou lei. (2 x 2) (4)

3.3.3 Identifiseer bewyse in die bron wat aandui dat Walmart se teenwoordigheid in die plaaslike mark, toestande vir werknemers sou vererger (versleg). (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3B rakende die reaksie van vakbonde op die samesmelting van Walmart en Massmart ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Wat, volgens die bron, was Suid-Afrika se vrees as Walmart, met hulle 'gesofistikeerde (moderne) netwerk om aan te koop', tot die land sou toetree? (1 x 1) (1)

3.5.2 Haal TWEE opsies uit die bron aan wat Suid-Afrika gehad het oor hoe om Walmart se bedoeling om in die land uit te brei, te hanteer. (2 x 1) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink dit vir Walmart nodig was om betroubare plaaslike verskaffers, veral vir bederfbare produkte, te hê. (2 x 2) (4)

3.5.4 Verduidelik die konsep *proteksionisties* in die konteks van internasionale handelsbetrekkinge. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom daar in 2011 teenstand teen Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika was. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussyn-filosofie swart mense geïnspireer het om hulleself in die 1960's en 1970's teen apartheid te bemagtig.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Alhoewel die onderhandelingsproses met geweld geteister (versteur) is, was verskeie politieke partye gewillig om kompromieë aan te gaan (te skik) om in 1994 'n stewige grondslag vir 'n demokratiese Suid-Afrika te lê.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Gorbachev se politieke en ekonomiese hervormings van die middel 1980's het tot die disintegrasie en val van die Sowjetunie, en eindelik, in 1991, tot die einde van die Koue Oorlog gelei.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2024

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1: HOE HET CIVIC-ORGANISASIES (BURGERLIKE ORGANISASIES) IN DIE 1980's PLAASLIKE GEMEENSKAPPE GEMOBILISEER OM DIE APARTHEIDSREGERING SE STRUKTURE IN SUID-AFRIKA TEEN TE STAAN?

### BRON 1A

Die bron hieronder is geskryf deur D Zelenova, 'n navorsingsbeurshouer by die Institute for Social Policy en 'n lid van die fakulteit van die Higher School of Economics in Rusland. Dit ondersoek die reaksie van die civics (burgerlike organisasies) op die Wet op Swart Plaaslike Owerhede.

Die regering het in 1980 die Wetsontwerp op Swart Plaaslike Owerhede voorgelê. Na baie besprekings en hersiening is die wetsontwerp uiteindelik in 1982 as die Wet op Swart Plaaslike Owerhede aangeneem. Dit het vir die stigting van 'n reeks plaaslike regeringstrukture voorsiening gemaak, soortgelyk aan dié wat in die wit gebiede bedryf is en vir die eerste keer het [dit] swart inwoners van stedelike lokasies iets soos outonomie (selfregering) gegee. 'As hulle nie toegang tot die Parlement kon hê nie, het hulle nou ten minste plaaslike mag gehad, deur plaaslike inwoners verkies.' Raadslede was verantwoordelik vir township-administrasie oor begrotings wat deur plaaslike huur en heffings (belasting) verkry is.


In reaksie op die Wet op Swart Plaaslike Owerhede het civic-organisasies (burgerlike organisasies) opgeskiet (gegroei). Die civics was, kortliks, inwonerverenigings wat die bekommernisse van die mense hanteer het. Hierdie plaaslike komitees, wat in die laat 1970's ontstaan en in die 1980's vinnig vermeerder het, het op gewone township-inwoners, dikwels sonder politieke ervaring of organiserings- en fasiliteringsvaardighede, gekonsentreer. Civics het op verskillende maniere met meer gelokaliseerde vorme van selforganisasie, soos blok-, jaart- en straatkomitees, interaksie gehad. Dit is gestig om spesifieke probleme, soos hoë huur, swak elektrifisering, swak behuising, die emmertoiletstelsel en misdaad, aan te pak.

'Die omstandighede wat die stigting van hierdie organisasies meegebring (veroorsaak) het, was oorlewingskwessies, maar die hantering van hierdie oorlewingskwessies het hulle (civic-organisasies) outomaties na politieke kwessies gedryf. 'Deur gewilde vrae, soos "Waarom is die strate vuil?", "Waarom moet ons huise huur?", is mense polities bewus gemaak,' het Moses Mayekiso, 'n leier van die Alexander Action Committee, gesê.

[Uit *Anarcho-Syndicalist Review*, 'n onafhanklike arbeidstydskrif, 2 Oktober 2017]

**BRON 1B**

Die plakkaat hieronder, deur die Krugersdorp Residents' Organisation gemaak, het op *South African History Archive* verskyn. Dit het inwoners na die vergadering op 27 Januarie 1985 by die Rooms-Katolieke Kerk in Kagiso genooi.




[Uit 'Images of Defiance', Suid-Afrikaanse weerstandsplakkate van die 1980's deur die Krugersdorp Residents' Organisation]

| | |
|---|---|
| **DR. MOTLANA** | **DIE ROL VAN CIVIC-VERENIGINGS** |
| **ISAAC GENU** | **PROBLEME IN KAGISO & MUNSIEVILLE** |

**INWONERS-VERGADERING**

**27/1/85**

**12 UUR NAMIDDAG**

**ROOMS-KATOLIEKE KERK**

**KAGISO**

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit *Zwelethu Our Land – A Memoir* deur J Seroke, die Pan-Afrikanis en kader van die Pan Africanist Congress (PAC). Dit het in 2021 verskyn. Dit fokus op die Thembisa-huurboikot in die middel 1980's en die reaksie van die regering op diegene wat hulle as die leiers gesien het.

Die Azanian People's Organisation (AZAPO) het in die 1980's te voorskyn getree om die aksie wat die huur- en diensteklagtes van die Thembisa-inwoners gesteun het, te lei en daar is op 'n boikot ooreengekom. Die inwoners het uit die vergadering na die strate gestap om ander gemeenskapslede te mobiliseer.

Ek (Jaki Seroke) is vroegoggend die volgende dag by my huis deur my ou teenstander (vyand), Suid-Afrikaanse Polisiebeampte, Van Niekerk, opgelaai en volgens die Algemene Regswysigingswet aangehou (in die tronk). Hierdie wet het veertien dae se aanhouding toegelaat terwyl die polisie 'n aanklag uitgewerk het. Die aangehoudene kon alleen opgesluit (geïsoleer) word en is nie toegelaat om gedurende daardie tyd toegang tot prokureurs of dokters te hê nie. Die veertien dae kon vir 'n onbepaalde tydperk (sonder einde) verleng word totdat die persoon aangekla is, of die polisie kon besluit om hom/haar vry te laat. Hierdie wet was 'n aangepaste weergawe van die Sobukwe-klousule, waarvolgens Robert Sobukwe, stigter van die PAC, vir 'n jaar in isolasie op Robbeneiland aangehou is, en in sy geval is dit vir nege jaar herhaal.

Ek het die aanhoudingswette bestudeer en myself oor die paar regte wat ek gehad het, geleer. Ek het ook geweet dat ek die reg het om vir die geskrewe regulasies te vra. Ek is vir aanhouding na die Kempton Park Polisiekantoor geneem. Die beamptes het ons twee-twee in 'n sel geplaas. Ek was saam met David Makgapa, wat my ingelig het oor die ontwikkelings wat tot die oproep om (aandrang op) 'n huurboikot gelei het. Diegene wat die boikot teengestaan het, was mense wat as raadslede wou dien en marionette ('puppets') van die township-superintendent (administrateur) was.

[Uit *Zwelethu Our Land – A Memoir* deur J Seroke]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder is uit die *Waarheids-en-Versoeningskommissie se Verslag* wat op 29 Oktober 1998 verskyn het. Dit verduidelik hoe civic-organisasies, wat op die voorpunt van protesaksie in townships was, gewelddadige onderdrukking deur die Suid-Afrikaanse regering getrotseer (teengestaan) het.

Huurboikotte is in townships dwarsdeur die Vaalgebied begin ná die aankondiging van 'n huurverhoging deur swart plaaslike owerhede, wat nou onder druk was om hulle begrotingstekorte (agterstand) na te kom en selffinansierend te word. Township-inwoners kon dit nie bekostig om die vinnig stygende huur te betaal wat van hulle verwag is nie. Die 56 persent-huurverhoging wat deur die Lekoa-stadsraad aangekondig is, het ten minste 300 000 mense in die Vaalgebied, wat alreeds van die hoogste huur in die land betaal het en waarvan die helfte agterstallig was, geraak.

Opposisie wat deur civic- en studente-organisasies georganiseer is, het vinnig toegeneem (meer geword). Aanvalle op raadslede wat probeer het om die huurverhoging deur swart plaaslike owerhede te implementeer, het toegeneem (gegroei), wat in 1984 tot die bedanking van baie gelei het. Tussen Januarie 1985 en Julie 1986 is huurboikotte in Ratanda, Katlehong, Mamelodi, Alexandra, Tembisa, Soweto, Vosloorus en Krugersdorp begin. Daar is beraam dat teen Augustus 1987 huurboikotte in die PWV (Pretoria, Witwatersrand en Vereeniging) meer as R188 miljoen gekos het.

Gewelddadige regeringreaksie op huurprotesaksies het gelei tot die polisie wat op 21 November 1985 op protesgangers in Mamelodi geskiet het waar dertien mense gesterf het. Die meeste slagoffers is in die rug geskiet. Kaptein Le Roux van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), wat aan die skietery deelgeneem het, het in 1989 in die geregtelike verhoor gesê dat die polisie 'n benadering van skiet om dood te maak, aanvaar het. Die Mamelodi-slagting het die township-gemeenskap geradikaliseer (gerewolusioneer). In die Vaalgebied het die gewelddadige reaksie van die polisie op die huur die protesaksie en opposisie vererger in plaas daarvan om dit te beteuel (in toom te hou).

[Uit *WVK Finale Verslag*, Volume 3, Hoofstuk 6, Onderafdeling 42]

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARTOE IN STAAT OM VIR DIE FAMILIE VAN SIZWE KONDILE AFSLUITING TE GEE OOR SY MOORD IN 1981 AS 'N ANTI-APARTHEID-AKTIVIS?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die *Waarheids-en-Versoeningskommissie-verslag*, wat in 1998 verskyn het. Dit beklemtoon Sizwe Kondile se politieke lewe en hoe hy in 1980 na Lesotho gevlug het en in ballingskap gegaan het.

Mnr. Gcinisizwe 'Sizwe' Kondile was 'n Port Elizabeth-aktivis en 'n stigterslid van die Congress of South African Students (COSAS). In ongeveer Julie 1980 het Kondile en nog vyf ander persone, in kontak met die African National Congress (ANC) in Lesotho, 'n ondergrondse ANC-sel binne die land gestig.

Toe twee lede van die sel – mnr. Thembi Mbiyabo en mnr. Nangamso Ndzube – gearresteer is, het Kondile en die ander sellede (mnr. Vusumzi Pikoli, mnr. Thozi Majola en mnr. Phaki Ximiya) besluit om in September 1980 die land te verlaat. Hulle het na Maseru, Lesotho, gegaan waar hulle die voormalige leier van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO), mnr. Thozamile Botha en mnr. Chris Hani, ontmoet het. Hulle het basiese opleiding ontvang en is aangesê om die ondergrondse beweging in die Oos-Kaap te vorm. Dit het behels dat daar heen en weer tussen Lesotho en Suid-Afrika beweeg moes word.

Kondile het in Junie 1981 op 'n kort sending na Suid-Afrika gegaan en in dieselfde maand veilig na Maseru, die hoofstad van Lesotho, teruggekeer. Later daardie maand het hy uit Maseru verdwyn. Die Suid-Afrikaanse Polisie het beweer dat Kondile op 26 Junie 1981 in Port Elizabeth gearresteer is, maar dat hy in Augustus 1981 vrygelaat is. Omdat hy op die dag wat hy verdwyn het, Chris Hani se motor geleen het, het die ANC hom daarvan verdink dat hy 'n verraaier is, en die familie moes politieke isolasie en trauma (skok) as gevolg hiervan verduur.

[Uit die *Waarheids-en-Versoeningskommissie-verslag*, Vol. 3, 1998]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder is uit 'n boek met die titel *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* deur M Meredith. Dit fokus op die getuienis wat deur apartheidsera-veiligheidspolisie by die WVK oor die moord van Sizwe Kondile gegee is en hoe sy moeder Dirk Coetzee se versoek om vergifnis verwerp het.

Drie senior offisiere – Van Rensburg, Du Plessis en hulle bevelvoerder, Kolonel Gerrit Erasmus – het uiteindelik erken dat hulle die moord gepleeg het, maar het ontken dat Kondile doodgemaak is omdat hy tydens ondervraging breinskade opgedoen het. Hulle het beweer dat die rede vir sy dood was dat, nadat hy ingestem het om 'n polisie-informant te word, Kondile die naam van 'n veiligheidspolisie-agent se naam gegee het; hierdie naam, indien dit in die hande van die ANC sou kom, sou erge skade veroorsaak het. Hulle het Kondile nie meer vertrou nie en besluit om hom dood te maak. Erasmus het erken dat hy die finale besluit geneem het.

Aan die einde van sy getuienis het Dirk Coetzee na Charity Kondile gedraai om om vergifnis te vra. Hy het gesê hy hoop om haar eendag te ontmoet om 'haar in die oë te kyk'. Mev. Kondile se prokureur, Imram Moosa, het 'n vinnige antwoord gehad: 'Jy sê dat jy graag mev. Kondile sou wou ontmoet om haar in die oë te kyk. Dit is 'n eer wat sy voel jou nie toekom nie. En as jy werklik berouvol (jammer) was, sou jy nie om amnestie aansoek gedoen het nie, maar sou jy, in werklikheid, tereggestaan het vir wat jy gedoen het.'

'n Lang, ongemaklike stilte het in die saal geheers. Die amnestiepaneel, die regsverteenwoordigers, die gehoor, almal het gelyk asof hulle verontrus (ontsteld) was. Coetzee het stadig teruggedraai, sy hande saamgeklem. In 'n koerantonderhoud daarna het mev. Kondile gesê: 'Dit is maklik vir Mandela en Tutu om te vergewe. … Hulle het gevindikeerde (getransformeerde) lewens gelei. In my lewe het niks, nie een dingetjie nie, verander sedert my seun deur barbare (boewe) begrawe is nie … niks nie. Daarom kan ek nie vergewe nie.'

[Uit *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* deur M Meredith]

**BRON 2C**

Die foto hieronder is by Sizwe Kondile se geestelike repatriasie (terugkeer) geneem. Dit het op 1 Julie 2016 in die Oos-Kaapse plaaslike koerant, *Eyewitness News*, verskyn. Dit beeld Sizwe Kondile se familielede, naamlik Bantu Kondile (Sizwe se seun), Nompumelelo (Sizwe se suster), Khwezi (Sizwe se nefie ('nephew')) en Pat Kondile (Sizwe se neef) op 30 Junie 2016 uit saam met Vusi Pikoli by die plek in Komatipoort waar hulle sy geestelike repatriasie (terugkeer) uitgevoer het.



[Uit *Eyewitness News*, 1 Julie 2016]

**Vusi Pikoli – praat namens die Kondile-familie**

**BRON 2D**

Die artikel hieronder, 2 Julie 2016 gedateer, het op *Independent Online (IOL)*, 'n Suid-Afrikaanse mediaplatform, verskyn. Dit beklemtoon aspekte uit die toespraak van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, Michael Masutha, op 1 Julie 2016 gedurende die begrafnis van Sizwe Kondile se geestelike oorskot by Vryheidspark ('Freedom Park').

**UITEINDELIK, AFSLUITING VIR VERMOORDE KADERS SE FAMILIES**

Johannesburg – Vergiftig, gemartel, geskiet, verbrand en gebombardeer – dit is hoe ..., Sizwe Kondile, … deur die toedoen van die apartheidpolisie gesterf het.

Die families van die drie mans het 'n mate van afsluiting gekry toe hulle Vrydag 'n 'geestelike repatriasie' (terugkeer) en simboliese begrafnis by Vryheidspark in Pretoria bygewoon het. Die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, Michael Masutha, die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging, Shaun Abrahams, en een van sy voorgangers, Vusi Pikoli, wat Kondile se beste vriend was, het by hulle aangesluit.

Die families het Donderdag 'n geestelike repatriasie in Komatipoort, Mpumalanga, bygewoon.

Die simboliese begrafnis het by Isivivane in Vryheidspark plaasgevind, wat die beste beskryf kan word as 'n geestelike rusplek vir diegene wat deel van die vryheidstryd ('struggle') was. 'Ons is sensitief vir (bewus van) die feit dat daar werklike begrafnisse moes gewees het, maar die wrede en genadelose apartheidsregime het geen respek vir menselewens gehad nie, veral nie vir ons vryheidsvegters nie,' het Masutha gesê. Met verwysing na die seremonie, het Masutha gesê: 'Ek dink dit is 'n oomblik van nadenke vir ons almal van alle politieke, godsdienstige en kulturele oortuigings en rasseverdelings in Suid-Afrika.'

'Die Departement van Justisie hoop om die Parlement te nader met 'n konkrete voorstel om rassisme, met tyd in die tronk as deel van die straf, te kriminaliseer,' het Masutha gesê.

Die seremonie het families die geleentheid gebied om die nodige afsluiting te kry. Deelname aan die rituele het families antwoorde, afsluiting en begrip van die hele situasie gegee.

[Uit *Independent Online (IOL)*, 2 Julie 2016]

**VRAAG 3: WAAROM WAS DAAR IN 2011 WEERSTAND TEEN WALMART SE UITBREIDING NA SUID-AFRIKA?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder, met die titel 'Die uitleg van die Walmart-debat – 'n bespreking van die internasionale handelsproses, kwessies en implikasies van Walmart se toetrede tot Suid-Afrika' ('Unpacking the Walmart debate – a discussion of the international trade process, issues and implications of Walmart's entry into South Africa'), kom uit *International Journal of Accounting Research*, Vol. 1, Nr. 10, 2014, deur P Soni en AM Karodia. Dit beklemtoon hoe Walmart 'n globaliseringstrategie aangeneem het deur na Suid-Afrika uit te brei.

Globalisering bied multinasionale maatskappye (MNM's), soos Walmart, enorme geleenthede om hulle bedrywighede en aktiwiteite na die uithoeke van die wêreld te versprei. Maatskappye brei om verskeie redes hulle aktiwiteite oor grense heen uit. Toegang tot groter markte, kapasiteitsbesparinge en goedkoper hulpbronne is onder die gewildste redes vir uitbreiding. In die geval van Walmart is die maatskappy se oorlewing direk met hulle groei verbind en die internasionale arena het 'n ideale platform vir volhoubare groei gebied.

Walmart kon dit nie bekostig om hulle bedrywighede te beperk tot 'n land wat slegs vir 4 persent van die wêreld se bevolking – die VSA – verantwoordelik is nie. Die gevolg is dat die maatskappy in 1991 globalisering begin toepas het en sedertdien 'n aggressiewe globaliseringstrategie volg.

Alhoewel vryhandelsooreenkomste, vooruitgang in tegnologie en vervoer dit makliker maak vir firmas om besigheid oor grense te bedryf, is Pearce en Robinson (2011) van mening dat daar verskeie kompleksiteite (probleme) is wat met die internasionale handelsproses geassosieer word.

Walmart sou ook die relatiewe 'oopheid' van Suid-Afrika ten opsigte van internasionale handel ondersoek het. Suid-Afrika, wat 'n ondertekenaar van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG), en ook van die BRICS(Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika)-gemeenskap wat onlangs gestig is, het aangedui dat Suid-Afrika relatief oop is vir handel. Walmart het gevolglik op Suid-Afrika besluit as hulle eerste gasheerland op die Afrika-kontinent.

[Uit *International Journal of Accounting Research*, Vol. 1, Nr. 10, 2014]

**BRON 3B**

Die foto hieronder is uit die *Independent Online (IOL)*-koerant wat op 1 Junie 2011 verskyn het. Dit toon 'n paar lede van die South African Commercial and Catering Worker's Union (SACCAWU) wat betoog teen die samesmelting van Walmart met Massmart buite die Departement van Handel en Nywerheid se kantoor in Pretoria waar die Raad op Mededinging se verhoor gehou is.




**ANTI-WALMART-KOALISIE**

***Anti-Walmart-koalisie***
**WALMART –**
**DIE EKONOMIESE**
**KOLONISEERDER!**

**BRON 3C**

Die bron hieronder is uit 'n voorlegging deur die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie (SACTWU) aan die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Ekonomiese Ontwikkeling op 15 Julie 2011. Dit het besorgdheid (kommer) oor die samesmelting van Walmart-winkels en Massmart Holdings uitgespreek.

Ons hoofbekommernis is die feit dat die teenwoordigheid van Walmart plaaslike indiensneming, asook die plaaslike vervaardigingsektor, as gevolg van afname in die vraag na plaaslik vervaardigde produkte en toenemende vraag na ingevoerde produkte binne die kleinhandelsektor (met betrekking tot die saamgesmelte entiteit en selfs hulle mededingers), negatief sal beïnvloed.

Dit sal lei tot die volgende: beduidende (kritiese) uitverkoop (op 'n nywerheidswye basis) van plaaslike vervaardigers binne die nywerhede wat aan die kleinhandelsektor verskaf; werksverliese, veral in die vervaardigingsektor maar ook in die kleinhandelsektor en veral onder swart werkers; disindustrialisasie binne die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor; en dat klein besighede en besighede wat deur histories agtergeblewenes (benadeelde) mense besit of beheer word, minder mededingend sal word.

Die teenwoordigheid van Walmart in die plaaslike mark sal ook tot erger (verslegtende) toestande vir werknemers in die nywerheid (industrie) lei. Walmart se praktyke dui daarop dat hulle verlaging van pryse teen 'n beduidende (groot) koste vir werknemers kom, wat verplig word om laer lone en swakker werksomstandighede te aanvaar. Dit weerspreek (staan teen) enige verbruikersvoordele as gevolg van die verlaging van pryse, soos wat deur die samesmeltende partye geëis word, en dit wek ook kommer oor belangrike openbare belange.

[Uit Walmart Stores INC/Massmart Holdings Limited se Voorlegging aan Portefeuljekomitee oor Ekonomiese Ontwikkeling, 15 Julie 2011]

**BRON 3D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 30 Januarie 2013 gedurende 'n inligtingsessie aan die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Ekonomiese Ontwikkeling, deur mnr. Ramburuth, Kommissaris van die Mededingingskommissie, gelewer is. Dit fokus op die impak van die Walmart/Massmart-samesmelting op plaaslike verskaffers.

Die Walmart/Massmart-oorwegings het hoofsaaklik gewentel om die bedreiging wat in die toekoms moontlik was. Daar was vrees dat as Walmart, in die lig van hulle gesofistikeerde (moderne) netwerk om aan te koop, tot die land sou toetree, plaaslike verskaffers nie 'n kans sou hê om hulle produkte te verkoop nie. Een opsie was om Walmart uit die land te hou. Die tweede – wat gevolg is – was om Walmart toe te laat om toe te tree, maar om dan plaaslike verskaffers op te bou om meer doeltreffend te wees en 'n groter mededingende vermoë te hê. Die verskafferontwikkelingsfonds en ander voorwaardes is duidelik verwoord (uitgedruk), ook in reaksie op ingrypings deur die regering, wat eers voor die Tribunaal aangekondig is.

Dit was duidelik ook in Walmart se belang om goeie plaaslike verskaffers te hê, veral met betrekking tot bederfbare produkte (voedsel wat varsheid sal verloor), en dit was waarskynlik dat Walmart in elk geval, selfs sonder die bevel vir die stigting van die Fonds, iets sou doen om na die verbetering van plaaslike aanbod (verskaffing) te streef. Verskaffers was nie verplig om slegs aan Walmart te verskaf nie, so hulle kon nou vir al hulle klante verbeter. Met betrekking tot die media-artikels waarna die voorsitter verwys het, het dit geblyk dat wetgewers in die VSA soortgelyke stappe gedoen het om hulle eie plaaslike nywerhede te beskerm.

Ongeag hulle ideologiese posisies, het dit gelyk asof die VSA 'n proteksionistiese houding ingeneem het. Op lang termyn kon die verbintenis (ooreenkoms) deur Walmart 'n impak hê, afhangend van hoe dit geïmplementeer is, maar daar moet onthou word dat ongeag wat Walmart se ooreenkoms in die VSA was, die politieke omstandighede dáár nooit die Mededingingsappèlhof se beslissing dat dit moet voldoen aan wat in Suid-Afrika van toepassing is, kan omverwerp nie.

[Uit Parlementêre Moniteringsgroep, Opdatering deur Mededingingskommissie, 30 Januarie 2013]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Anarcho-Syndicalist Review*, 'n onafhanklike arbeidstydskrif, 2 Oktober 2017

'Images of Defiance', Suid-Afrikaanse weerstandsplakkate van die 1980's, geproduseer deur die Krugersdorp Community Organisation, gedruk deur Screen Training Project in JHB, Raven Press, 2004

*Independent Online (IOL)*, 1 Junie 2011

*International Journal of Accounting Research*, Vol. 1, Nr. 10, 2014

Parlementêre Moniteringsgroep, Opdatering deur Mededingingskommissie, 30 Januarie 2013

Seroke, J. 2021. *Zwelethu Our Land – A Memoir* (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad)

*WVK Finale Verslag*, Volume 3, Hoofstuk 6, Onderafdeling 42

Walmart Stores INC/Massmart Holdings Limited se Voorlegging aan die Portefeuljekomitee oor Ekonomiese Ontwikkeling, 15 Julie 2011

*Eyewitness News*, 1 Julie 2016

*Independent Online (IOL)*, 2 Julie 2016

Meredith, M. 1999. *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* (Perseus Books Group, New York)

*WVK Finale Verslag,* Vol. 3, 1998

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne<br>• Verduidelik historiese konsepte in konteks | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . _________________________
_________________________________________ . ________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET CIVIC-ORGANISASIES (BURGERLIKE ORGANISASIES) IN DIE 1980's PLAASLIKE GEMEENSKAPPE GEMOBILISEERER OM DIE APARTHEIDSREGERING SE STRUKTURE IN SUID-AFRIKA TEEN TE STAAN?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '… Wetsontwerp op Swart Plaaslike Owerhede …' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '… vir die stigting van 'n reeks plaaslike regeringstrukture, voorsiening gemaak, soortgelyk aan dié wat in die wit gebiede bedryf is …'
- '… [dit het] swart inwoners van stedelike lokasies iets soos outonomie (selfregering) gegee …'
- '...het hulle nou ten minste plaaslike mag gehad deur plaaslike inwoners verkies'
- 'Raadslede was verantwoordelik vir township-administrasie …'

(enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- '… hoë huur …'
- '… swak elektrifisering …'
- '… swak behuising …'
- '… die emmertoiletstelsel …'
- '… misdaad' (enige 3 x 1) (3)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Civic-organisasies het nie meer slegs op plaaslike kwellings/bekommernisse van inwoners gefokus nie
- Hulle is polities bewus gemaak om te begin om plaaslike regeringstrukture uit te daag
- Hulle het begin om kritiese vrae te vra, bv. waarom strate vuil was en waarom hulle huur moes betaal
- Hulle het begin om op bepalings van plaaslike regeringstrukture aan te dring/ apartheidswette uitdaag
- Die uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het kom oorspronklik van die apartheidstelsel af wat hulle gedwing het om aktief by die vryheidstryd aan te sluit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Om inwoners van Kagiso en Munsieville na 'n gemeenskapsvergadering te nooi//te mobiliseer/ om teen die apartheidsregering strukture te protesteer/ om die inwoners van kagiso en Munsieville bewus te maak/in te lig van 'n gemeenskapsvergadering om teen die apartheidsregering strukture te protesteer
- Om die doel van die vergadering oor te dra – die gebrek aan basiese dienste in Kagiso en Munsieville
- Om die belangrike sprekers/leiers en die onderwerpe wat behandel sou word te beklemtoon
- Om besonderhede oor die vergadering te verskaf (onderwerpe, datum, tyd en plek)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Om bewustheid van die rol van civic-organisasies by township-inwoners te skep omdat hulle (civic-organisasies) nuut was want hulle is vanaf die 1970's gestig en het begin om in die 1980's te vermeerder
- Om inwoners te mobiliseer om civic-organisasies te steun
- Om te verduidelik hoe die civic-organisasies die basiese behoeftes van die township-inwoners sou aanpak/hanteer
- Dr Motlana was 'n gerespekteerde professionele/politieke aktivis/gemeenskapsleier
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- '… Azanian Peoples' Organisation (AZAPO) …' (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hy was 'n anti-apartheidsaktivis/ leier van die vryheidstryd
- Hulle het vermoed dat hy die optog deur die Thembisa-inwoners ondersteun het
- Om protesaksie in die toekoms te onderdruk
- Om vrees by gemeenskapsleiers en ondersteuners (optoggangers) in te skerp
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- '… het veertien dae se aanhouding toegelaat terwyl die polisie 'n aanklag uitgewerk het'
- '… aangehoudene kon alleen opgesluit (geïsoleer) word …'
- '… is nie toegelaat om gedurende daardie tyd toegang tot prokureurs te hê nie …'
- '… is nie toegelaat om gedurende daardie tyd toegang tot dokters te hê nie'
- 'Die veertien dae kon vir 'n onbepaalde tydperk (sonder einde) verleng word …' (enige 3 x 1) (3)

1.3.4 *[Definisie van 'n term uit Bron 1C – V1]*

- Aksie deur inwoners om die betaal van huur te staak
- Maatreëls geneem om mense aan te moedig om doelbewus huurgeld te ignoreer (nie ag slaan op nie)
- Verset teen die betaal van huur
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hulle het apartheid- plaaslike strukture/township-superintendent gesteun/beheer
- Hulle het die apartheidwette aanvaar wat inwoners gedwing het om onbekostigbare huurgeld te betaal
- Hulle was blind (het oogklappe aangehad) vir oorlewingskwessies wat township-inwoners beïnvloed het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- '… vinnig stygende huur …'
- '… 56 persent-huurverhoging …'
- '… alreeds van die hoogste huur in die land betaal het …'
- '… waarvan die helfte agterstallig was …' (enige 2 x 1) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Hulle was bang dat inwoners hulle sou aanval vir hulle rol in die implementering van huurverhogings in townships
- Hulle is as pionne deur swart plaaslike owerhede gebruik – wat hulle ongewild by inwoners gemaak het
- Hulle wou ontsnap van die stigma om as 'n uitbreiding van die apartheidsregering beskou te word
- Was nie deur regering beskerm nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Verduideliking van konsep in Bron 1D – V2]*

- Wrede en gewelddadige massamoord van 13 mense op 21 November 1985 deur die Suid-Afrikaanse Polisie gedurende die protesaksie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.4.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit is geneem uit die WVK-verslag wat 'n amptelike regeringsdokument is wat die onregverdighede van die verlede onthul het
- Die datum waarop die verslag verskyn het (29 Oktober 1998) kom ooreen met die werklike verskyning van die WVK-verslag
- Die betrokke tydperk (tussen Januarie 1985 en Julie 1986) verwys na die hoogtepunt van die huurboikotte in baie townships in die PWV-gebied
- Dit verskaf gedetailleerde inligting oor die gewelddadige reaksie van die regering in die middel 1980's op die protesaksies van civic-organisasies in townships uiteen
- Die bron beaam(staaf) die inligting in Bron 1C ten opsigte van die huurboikotte
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1D om hulle ooreenkomstighede te bepaal – V3]*

- Bron 1B toon township-inwoners wat in opstand kom en Bron 1D verwys na huurboikotte deur township-inwoners dwarsdeur die Vaalgebied / Beide bronne dui die belangrike rol aan wat burgerlike organisasies gespeel het om gemeenskapskwessies aan te spreek
- Bron 1B toon betogers wat ongewapen is/vreedsame optog en Bron 1D verwys na ongewapende slagoffers wat in die rug deur die polisie geskiet is
- Bron 1B verwys na die Krugersdorp Residents' Organisation wat mense uitnooi na 'n gemeenskapsvergadering om inwoners oor die rol van civic-organisasies bewus te maak en Bron 1D noem dat opposisie teen apartheid deur civic- en studente-organisasies georganiseer is om teen apartheid- plaaslike strukture op te staan (weerstand te bied)/Beide bronne noem dat burgerlike organisasies in Krugersdorp betrokke moet raak om teen plaaslike owerhede in optand te kom
- Beide bronne illustreer die krag en eenheid wat deur die burgerlike organisasies bevorder word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Civic-organisasies het die belange van mense op plaaslike vlak bevorder (Bron 1A)
  - ➢ Het verantwoordelikheid geneem vir plaaslike gemeenskappe en self-organisasiekwessies, soos blok-, jaart en straatkomitees, aangepak/hanteer (Bron 1A)
  - ➢ Het protesaksie verskerp vir verskillende basiese behoeftes, soos behuising, die emmertoiletstelsel in verskillende townships (Bron 1A)
  - ➢ Saamgewerk om enorme nasionale veldtogte te bestuur wat die regering gedwing het om beleid te verander (Bron 1A)/maak townships onregeerbaar(Bron 1A en eie kennis)
  - ➢ Die Thembisa-huurboikot georganiseer (Bron 1C)
  - ➢ Ondersteuning ontvang van ander politieke organisasies, soos AZAPO (Bron 1C)
  - ➢ Burgerlike organisasies skep ‘n gestruktureerde platform om die belange van mense te bevorder (eie kennis)
- Professionele mense en kerkleiers het die civic-organisasies gesteun om ondersteuning te mobiliseer en aan te veg teen die apartheidsbeleid (Bron 1B)
- Civic-verenigings het plakkate gebruik om ondersteuners te mobiliseer en hulle rol te verduidelik (Bron 1B)
- Betoog teen die regeringsonderdrukkings (Bron 1C)
- Betoog teen onbekostigbare/hoë huishuur (Bron 1D)
- Die studente-organisasies en ander civic-organisasies het doeltreffend saamgewerk om die huurboikotte in verskillende townships te verskerp (Bron 1D)
- In reaksie op polisiewreedheid of massamoorde het die betogers verskillende vorms van betogings aangeneem (Bron 1D)
- Die civic-organisasies het uiteindelik in 1992 verenig onder die banier van die South African National Civic Organisation (SANCO) (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe civic-organisasies(burgerlike organisasies) in die 1980's plaaslike gemeenskappe gemobiliseer het om die apartheidsregering se strukture in Suid-Afrika teen te staan nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon bietjie begrip van hoe civic-organisasies(burgerlike organisasies) in die 1980's plaaslike gemeenskappe gemobiliseer het om die apartheidsregering se strukture in Suid-Afrika teen te staan.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van hoe civic-organisasies(burgerlike organisasies) in die 1980's plaaslike gemeenskappe gemobiliseer het om die apartheidsregering se strukture in Suid-Afrika teen te staan**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARTOE IN STAAT OM VIR DIE FAMILIE VAN SIZWE KONDILE AFSLUITING TE GEE OOR SY MOORD IN 1981 AS 'N ANTI-APARTHEID-AKTIVIS?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- '… ongeveer Julie 1980' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- '… mnr. Vusumzi Pikoli …'
- '… mnr. Thozi Majola …'
- '… mnr. Phaki Ximiya' (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om die mandaat van die ANC in ballingskap uit te voer
- Om die ondergrondse aktiwiteite in die Oos-Kaap (Suid-Afrika) uit te voer
- Om die apartheidsregering te destabiliseer
- Om die interne weerstand teen apartheid te versterk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Definisie van 'n term in Bron 2A – V1]*
- Iemand wat sy rug draai op /'n organisasie verraai /beginsel en by die vyand of opposisie aansluit
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- '… Van Rensburg …'
- '… Du Plessis …'
- '… Kolonel Gerrit Erasmus' (3 x 1) (3)

2.2.2 *[Verduideliking van 'n term in Bron 2B – V2]*
- Dit is gesproke of geskrewe bewyse deur mense wat betrokke was by misdaad wat by die WVK om amnestie aansoek gedoen het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - V2]*
- Dirk Coetzee was slegs daarin geïnteresseerd om amnestie te kry/om tronkstraf te vermy
- Hy wou nie verantwoordelikheid neem vir die gruweldade wat hy gepleeg het nie
- Hy het nie veel omgegee vir die verlies en pyn van die slagoffers se families nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - V2]*
- Sy het geglo dat Dirk Coetzee nie alles geopenbaar het nie
- Sy het gevoel dat hy nie amnestie verdien het nie/het nie berou getoon nie
- Sy was nog kwaad omdat sy steeds nie geweet het wat met haar seun gebeur het nie/ het nie afsluiting gevind nie
- Sy soek vergeldende geregtigheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het die oomblik vasgevang toe die Kondile-familie die geleentheid gehad het om 'n simboliese gedenkdiens vir Sizwe Kondile te hou naby waar daar van sy oorskot ontslae geraak is
- Dit toon hoe die familie met Sizwe se dood tot berusting kon kom/afsluiting kry
- Dit is 'n herinnering vir die familie oor die proses van geestelike repatriasie van Sizwe Kondile vir die begrafnis van sy geestelike oorskot
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C- V2]*
- Hy was een van Sizwe se vriende/lid van sel/ kameraad
- Hy het in 1980 saam met Sizwe Kondile Maseru, Lesotho, toe gegaan
- Hy het 'n boek oor Sizwe, met die titel *The life and times of Sizwe Kondile*, *a story of service, suffering, sacrifice and selflessness*, geskryf
- Om die familie te ondersteun
- Pikoli wou afsluiting vind
- Hy was ‘n familie woordvoerder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
**JA**
- Die geestelike repatriasie het die geleentheid vir familie en vriende geskep om sy geestelike oorskot te begrawe
- Hulle het hulle verlies aanvaar en was in staat om 31 jaar later afsluiting te vind
- Die geestelike repatriasie het die geleentheid geskep om te genees en vrede te vind
- Enige ander relevante antwoord

**NEE**
- Daar was geen oorskot om te begrawe nie
- Dit was net seremonieel en 31 jaar later
- Dit was net simbolies en nie 'n behoorlike begrafnis nie
- Het ou wonde oopgemaak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- '… vergiftig …'
- '… gemartel …'
- '… geskiet …'
- '… verbrand …'
- '… gebombardeer …' (enige 4 x 1) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - V2]*
- Om die familie ~~oortuig~~ gerus te stel dat hulle die oorskot van Sizwe Kondile huis toe gebring het vir afsluiting/genesing/ behoorlike begrafnis
- Om erkenning te gee vir die rol wat hy as 'n politieke aktivis gespeel het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - V2]*
- Om te evalueer of die gruweldade van die verlede onthul is en dienooreenkomstig hanteer is/genesing en versoening
- Om te assesseer of die mandaat van die WVK bereik is
- Om te besin/daaroor na te dink of die Kondile-familie en ander verwante gevalle geregtigheid gekry het
- Om te reflekteer dat sulke wrede dade van menseregteskendings nie herhaal word nie
- Om hulde te bring aan diegene wat oppofferings maak soos Kondile
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.4 *[Bepaal die betroubaarheid van Bron 2D – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR want:**

- Dit is geneem uit 'n hooggeagte mediabron – Independent Online (IOL)
- Dit bevat uittreksels uit 'n toespraak/eerstehandse inligting deur Michael Masutha wat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste was
- Die toespraak is gelewer by Vryheidspark wat 'n geestelike rusplek is vir helde van die vryheidstryd teen apartheid
- Die toespraak is op 1 Julie 2016 gelewer op die dag van die begrafnis van die geestelike oorskot van Sizwe Kondile
- Sy dood kan met die inligting in Bron 2B beaam word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bron 2B en 2D om verskille te bepaal – V3]*

- In Bron 2B het Kondile se familie geweier om Dirk Coetzee se versoek om vergifnis te aanvaar terwyl Kondile se familie in Bron 2D die geestelike repatriasie en simboliese begrafnis van Sizwe Kondile met die hoop op genesing bygewoon het
- Bron 2B het nog vrae laat ontstaan en daar was geen afsluiting vir die Kondile-familie nie terwyl Bron 2D die Kondile-familie die geleentheid vir afsluiting deur rituele gekry het
- In Bron 2B verwerp die Kondile-familie die bydrae van Mandela en Tutu (pogings van die WVK) tot die genesingsproses terwyl die Kondile-familie in Bron 2D die ondersteuning van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste aanvaar om afsluiting oor die Kondile-geval te kry
- In Bron 2B noem Mev Kondile dat Sizwe deur barbare begrawe(geen afsluiting) is terwyl in Bron 2D die geestelike oorskot deur Sizwe se geliefdes uitgevoer is (afsluiting)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bewyse uit Bron - V3]*

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**JA**

- Oortreders by misdaad het vir amnestie aansoek gedoen en voor die WVK-amnestiekomitee getuig (Bron 2B)
- Die WVK het 'n platform geskep wat nuwe inligting onthul het wat tot die proses van geestelike repatriasie en simboliese begrafnisse gelei het (eie kennis)
- Drie lede van die SAP het navore gekom om die waarheid te ontbloot dat hulle Sizwe Kondile vermoor het ( Bron 2B)
- Die familie kon die ritueel van geestelike repatriasie waarneem (Bron 2C)
- Die simboliese begrafnis by Vryheidspark is moontlik gemaak deur nuwe inligting wat by die WVK-verhore aan die lig gekom het (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**NEE**

- Sizwe Kondile is ontvoer en vermoor deur die veiligheidspolisie (Bron 2A)
- Die Suid-Afrikaanse Polisie het gelieg oor sy vrylating sodat hy as 'n verraaier vir die ANC bestempel kon word (Bron 2A)
- Mev. Kondile was nie tevrede dat amnestie aan die betrokkenes wat haar seun vermoor het, gegee is nie
- Mev. Kondile se prokureur, Imram Moosa, het gevoel dat Coetzee verhoor moes word (teregstaan) (Bron 2B)
- Mev Kondile het nie genesing gevind nie en daarom het sy geweier om te vergewe en die oortreder by die misdaad te ontmoet (Bron 2B)
- Mev Kondile kon moontlik nie afsluiting vind nie omdat sy nie deel van die groepfoto in Komatipoort was nie (Bron 2C)
- Die familie kon hom nie begrawe nie want daar was geen oorskot nie (eie kennis)
- Die ritueel van geestelike repatriasie en begrafnis was simbolies (Bron 2C en 2D)
- Dit is te betwyfel of die geestelike repatriasie afsluiting vir die familie sou bring 31 jaar nadat hy dood is (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daartoe in staat was om vir die familie van Sizwe Kondile afsluiting te gee oor sy moord in 1981 as 'n anti-apartheid-aktivis.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon bietjie begrip van of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daartoe in staat was om vir die familie van Sizwe Kondile afsluiting te gee oor sy moord in 1981 as 'n anti-apartheid-aktivis.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van hoe of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daartoe in staat was om vir die familie van Sizwe Kondile afsluiting te gee oor sy moord in 1981 as 'n anti-apartheid-aktivis.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WAAROM WAS DAAR IN 2011 WEERSTAND TEEN WALMART SE UITBREIDING NA SUID-AFRIKA?**

3.1

3.1.1 *[Definisie van 'n term in Bron 3A – V1]*

- Proses waardeur die wêreld meer geïntegreerd en verbind raak oor die grense van lande heen as gevolg van tegnologie
- Onderlinge verbintenis van vervoer, tegnologie en kommunikasie
- Die manier waarop mense, goedere, geld en idees vinniger en goedkoper dwarsdeur die wêreld beweeg word as gevolg van vervoer, kommunikasie en tegnologie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Toegang tot groter markte …'
- '… kapasiteitsbesparinge …'
- '… goedkoper hulpbronne …' (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Walmart se groei in die VSA was beperk en hulle is gedwing om globaal,ook na Suid-Afrika uit te brei
- Walmart het tot buitelandse markte toegetree om internasionaal mee te ding en te groei
- Walmart het plaaslike besighede as filiale oorgeneem deur hulle globale uitbreiding (skep kleiner maatskappye)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- '… vryhandelsooreenkomste …'
- '… vooruitgang in tegnologie …'
- '… vervoer …' (enige 2 x 1) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Suid Afrika se lidmaatskap van SAOG en BRICS maak dit vir ander lande makliker om met hulle handel te dryf
- Suid-Afrika is oop vir buitelandse beleggings deur multinasionale maatskappye
- Ander lande kan vrylik met Suid-Afrika handel dryf as gevolg van hulle oop handelbeleide met minder beperkinge/ vir profyt en om die ekonomie te bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Om mense bewus te maak van SACCAWU se protesaksie teen die samesmelting van Walmart en Massmart/nuuswaardig
- Om ondersteuning en solidariteit vir SACCAWU se teenstand teen die samesmelting te kry
- Om die negatiewe impak wat globalisering op Suid-Afrika sou hê, te onthul
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Die samesmelting van Walmart (VSA) met Massmart (plaaslik) word beskou as 'n vorm van neokolonialisme deur Walmart – 'n Amerikaanse maatskappy
- Walmart word beskou as 'n buitemaatskappy wat tot Suid-Afrika toetree om werkers uit te buit
- Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika sal tot disindustrialisasie/ werksverliese lei
- Walmart se toetrede tot Suid-Afrika as 'n buitemaatskappy sal die plaaslike kleinhandel asook vervaardigingsnywerhede negetief beïnvloed/boelie plaaslike nywerhede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Bepaal beperkinge van Bron 3B – V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Dit slegs SACCAWU se standpunt om Walmart se oorname van Massmart uiteen sit
- Dit beeld 'n eensydige standpunt oor die impak van die samesmelting op Suid-Afrikaanse werkers
- Emotiewe taal (vol emosie) – EKONOMIESE KOLONISEERDER word gebruik om Walmart as 'n aggressor uit te beeld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- '… as gevolg van afname in die vraag na plaaslik vervaardigde produkte...'
- '… en toenemende vraag na ingevoerde produkte'

(2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Dit sal tot die herstrukturering van fabrieke lei
- Dit sal tot werksverliese lei
- Goedkoper goedere sal oorsee verkry word/kleinhandelaars in Suid-Afrika sal sukkel om met lae pryse mee te ding
- Plaaslike nywerhede in Suid-Afrika sal uiteindelik toemaak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- '… hulle verlaging van pryse teen 'n beduidende (groot) koste vir werknemers kom, wat verplig word om laer lone en swakker werksomstandighede te aanvaar'

(1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3C om hulle ooreenkomste te bepaal – V3]*

- Bron 3B toon SACCAWU-(vakbond)lede wat teen Walmart se samesmelting met Massmart betoog en Bron 3C beklemtoon SACTWU (vakbond) se voorlegging aan die parlement teen die samesmelting van Walmart en Massmart
- In Bron 3B bestempel SACCAWU-lede Walmart as 'n ekonomiese koloniseerder wat plaaslike vervaardigingsnywerhede doodmaak en in Bron 3C is SACTWU se besorgdheid/kommer dat Walmart se toetrede tot Suid Afrika tot disindustrialisasie sal lei
- In Bron 3B betoog werkers teen Walmart as 'n teken dat hulle werksverliese vrees en Bron 3C noem dat Walmart se uitbreiding na die land tot werksverlies sal lei/Beide bronne noem dat daar werksverliese sal wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- '… plaaslike verskaffers nie 'n kans sou hê om hulle produkte te verkoop nie' (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- '… om Walmart uit die land te hou'
- '… Walmart toe te laat om toe te tree …' (2 x 1) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Om die varsheid van voedselprodukte te verbeter
- Om te verseker dat die voedsel veilig vir verbruik is
- Om meer profyt te maak en onnodige koste te verminder
- Om meer plaaslik vervaardigde voedsel in winkels beskikbaar te stel
- Om ingevoerde bederfbare produkte uit die buiteland te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.4 *[Verduideliking van 'n konsep in Bron 3D – V2]*

- Verwys na regeringbeleid wat internasionale handel beperk om te help om binnelandse nywerhede te beskerm
- Beleide wat geïmplementeer word om die binnelandse produksie van goedere te bevorder
- Hef van tariewe om buitelandse goedere op die mark te beperk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Globalisering het multinasionale maatskappye, soos Walmart, aangespoor om hulle aktiwiteite na die uithoeke van die wêreld uit te brei/Maatskappye het hulle aktiwiteite oor grense heen uitgebrei om toegang tot groter markte en goedkoper hulpbronne te kry/vry handel het Walmart aangemoedig om hulle in Suid-Afrika te vestig as hulle eerste gasheerland in Afrika (Bron 3A)
- Suid-Afrikaanse maatskappye het ongemaklik gevoel met Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika (eie kennis)
- SACCAWU het die samesmelting betwis – Walmart as die ekonomiese koloniseerder beskou (Bron 3B)
- SACTWU het in hulle voorlegging die negatiewe invloed wat Walmart se teenwoordigheid op die vervaardiging- en kleinhandelbedrywe sou hê, uiteengesit (Bron 3C)
- SACTWU het aangedui/ stel voor dat die samesmelting die uitverkoop van binnelandse vervaardigers binne nywerhede wat aan die kleinhandelsektor verskaf/werksverliese onder swart werkers/ disindustrialisasie sal veroorsaak (Bron 3C)
- Volgens die SACTWU-voorlegging sal klein besighede en besighede wat deur histories agtergeblewenes (benadeelde) mense besit of beheer word, minder mededingend word (Bron 3C)
- Walmart se teenwoordigheid op die plaaslike mark sal lei tot die verlaging van pryse – wat werknemers sal dwing om kleiner lone en swakker werksomstandighede te aanvaar (Bron 3C)
- Sal lei tot mededinging met plaaslike kleinhandelaars wat hulle sal dwing om hulle pryse te verhoog (eie kennis)
- Daar sal geen verbruikersvoordele wees as gevolg van die verlaging van pryse nie soos wat deur die samesmeltende partye beweer word (Bron 3C)
- Ramburuth van die Mededingingskommissie het volgehou dat plaaslike verskaffers nie 'n kans sou hê om hulle produkte te verkoop as Walmart met hulle gesofistikeerde netwerk van aankope sou toetree nie (Bron 3D)
- Plaaslike verskaffers sou benadeel word ten gunste van goedkoop voorraad uit ander lande (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van waarom daar in 2011 weerstand teen Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van waarom daar in 2011 weerstand teen Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom daar in 2011 weerstand teen Walmart se uitbreiding na Suid-Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussyn-filosofie swart mense geïnspireer het om hulleself in die 1960's en 1970's teen apartheid te bemagtig. Kandidate moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussyn-filosofie swart Suid-Afrikaners geïnspireer het om hulleself in die 1960's en 1970's teen apartheid te bemagtig. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - ➢ Geskep nadat ANC- en PAC-leiers en partye in die 1960's óf verban óf in die tronk gesit is
- Swartbewussynsfilosofie
  - ➢ Vestig gevoel van selfvertroue by swart Suid-Afrikaners om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Bevorder 'n gevoel van trots onder swart Suid-Afrikaners
  - ➢ Beïnvloed swart Suid-Afrikaners om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - ➢ Bemagtig swart Suid-Afrikaners om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
  - ➢ swart Suid-Afrikaners moes ophou om velverligtingsprodukte te gebruik/afro-haarstyle hê
- Inspireer die stigting van politieke organisasies wat die SB-filosofie bevorder
  - ➢ Vestig gevoel van vasberadenheid by politieke organisasies om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS weg te breek en SASO (1968) te vorm
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - ➢ Swart Bewussyn (SB) het tot die stigting van die Black People's Convention (BPC) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het
  - ➢ Die South African Students' Movement is in 1972 gestig en het swart Suid-Afrikaners aan die ideale van die SB blootgestel
  - ➢ Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU)
  - ➢ BPC en SASO het die VIVA FRELIMO-saamtrekke (1974) georganiseer
  - ➢ Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog/versterk

- Inspireer en bemagtig studente/leerders om in hulleself te glo om deur die Soweto-opstand teen die apartheidstaat weerstand te bied
  - Bantoe-Onderwys het Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel (1975)
  - Die South African Student Movement is in 1972 gestig wat swart Suid-Afrikaners aan die ideale van die SB blootgestel het
  - SASO en SASM het die stigting van die Soweto-studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students' Representative Council (SSRC)) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van onderrig van onderdrukker verwerp
  - Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie blootgestel deur SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - Op 16 Junie 1976 het studente/leerders vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - Die polisie se reaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
  - Studente en leerders het in ballingskap gegaan
- Inspireer die stigting van gemeenskapsprogramme vir selfbematiging van swart Suid-Afrikaners
  - Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB het deur Swart Gemeenskapsprogramme onafhanklikheid van wit mense bevorder sodat swart Suid-Afrikaners ondersteun word sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter Skoolprojekte)
- Inspireer werkers om 'n vakunie te stig om die apartheidstaat uit te daag (weerstand te bied)
  - Mobiliseer werkers om vakbonde te stig
  - Unies was in lyn met die SB-filosofie onder meer die Black Allied Workers Union (BAWU)
  - SB het die Black Allied Workers Union (BAWU) geïnspireer om die 1973-werkerstakings in Durban te organiseer
- Bemagtig swart Suid-Afrikaners om hulle eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
  - Rol van die media wat simpatiek teenoor die SB-filosofie was, bv. die *World*-koerant en *Thrust*
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem en aandui of hulle met die stelling saamstem of nie dat alhoewel die onderhandelingsproses deur geweld bemoeilik (versteur) is, dit kompromieë (skikkings) deur politieke partye gevat het om voort te gaan om 'n stewige grondslag vir 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 te lê. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui of hulle met die stelling saamstem of nie dat alhoewel die onderhandelingsproses deur geweld bemoeilik (versteur) is, dit kompromieë (skikkings) deur politieke partye gevat het om voort te gaan om 'n stewige grondslag vir 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 te lê. Hulle moet 'n oorsig van die inhoud gee wat hulle gaan gebruik om hulle argument te ondersteun.

UITBREIDING

- FW de Klerk het in 1989 by PW Botha oorgeneem en hervormings ingestel
- Opheffing van die verbod op die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC) en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party(SAKP) en ander verbanne organisasies
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (dit het die weg oopgemaak vir onderhandelinge vir 'n demokratiese SA) (kompromieë deur die NP)
- Samesprekings (31 Maart 1990) tussen die ANC en die NP uitgestel weens die doodmaak van weerlose betogers in Sebokeng (geweld)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – beide partye (ANC en NP) het hulle verbind tot die beëindiging van geweld en om te onderhandel (kompromieë/skikkings)
- Handgranaataanvalle op die Melrose House Museum (24 Mei 1990) (geweld)
- Pretoria-minuut (Augustus 1990) – ANC staak gewapende stryd en NP hef noodtoestand op (kompromieë)
- Nagaanval in Thokoza (13 September 1990) (geweld)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken (14 September 1991)
- KODESA 1 (21 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe KP en PAC. NP kritiseer ANC grotendeeks omdat hulle nie MK ontbind het nie en beskuldig hulle daarvan dat hulle MK as 'n 'privaatweermag' hou
- Die Verklaring van Voorneme (21 Desember 1991) – politieke partye kom ooreen om 'n nuwe konstitusie saam te stel en 'n tussentydse regering daar te stel (kompromieë)
- Partye kan nie oor magsdeling en die grondwetgewende vergadering ooreenkom nie – vergadering eindig
- Slegs Blankes Referendum – De Klerk toets wit mening nadat drie tussenverkiesings teenoor die KP verloor is, uitslag van Referendum - wegholoorwinning Ja – onderhandelinge het voortgegaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – was nie suksesvol nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom – eindig op dooiepunt

- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en invloed van die Derde Mag (geweld)
- Bisho-slagting (7 September 1992) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees ('n keerpunt waarna die onderhandelingsproses ten gunste van die ANC was) (geweld)
- ANC het beroep gedoen vir golwende massa aksie(Mei 1992) teen die Nasionale Party
- Verset deur Concerned South Africans Group (COSAG) – Oktober 1992
- Rekord van Verstandhouding – 26 September 1992 – Meyer en Ramaphosa het hulleself tot vrede en onderhandelinge verbind, Meyer en Ramaphosa het saamgestem met Joe Slovo se Sonsondergangklousule(2 April 1993) (kompromieë)
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid (RNE) stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou (kompromieë)
- Veelpartyonderhandelinge het op 2 April 1993 by die Wêreldhandelsentrum voortgegaan maar nie lank geduur nie (magsdeling – kompromie)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus (geweld)
- Mandela spreek die nasie op TV toe om nasie te kalmeer
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het (geweld)
- St James Church-slagting (25 Julie 1993) (geweld)
- Heidelberg Taverne-slagting (30 Desember 1993) (geweld)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994) (geweld)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994) (kompromieë)
- Voortslepende geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
- Motorbom ontplof by Jan Smuts Lughawe (geweld)
- Verkiesing in 1994 gehou (kompromieë)
- Mandela word die eerste staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW De Klerk as sy adjunkte (kompromieë)
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet die bewering dat Gorbachev se politieke en ekonomiese hervormings van die middel 1980's het tot die disintegrasie en val van die Sowjetunie, en eindelik in 1991, tot die einde van die Koue Oorlog, gelei het, krities bespreek. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem oor die bewering dat Gorbachev se politieke en ekonomiese hervormings van die middel 1980's het tot die disintegrasie en val van die Sowjetunie, en eindelik in 1991, tot die einde van die Koue Oorlog, gelei het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Impak van die ruimte- en wapenwedloop teen die VSA (Koue Oorlog) en die oorlog in Afghanistan het die ekonomie van die Sowjetunie verswak (agtergrond)
- Gorbachev word 1985 die Sekretaris-Generaal van die KPSU en leier van die regering op 54-jarige ouderdom
- Hy het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitsette en -tegnologie te verbeter, asook om hulle markte uit te brei
- In 1985 het hy Perestroika ingestel (ekonomiese herkonstruksie)
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder
- Hy het 'n groot risiko geneem om politieke verandering te weeg te bring, veral vir die Sowjetunie, wat vir hulle onversetlike Kommunistiese standpunt bekend was
- Glasnost(oopheid)-beleid is ingestel
- Glasnost het tot kritiek van die regering gelei – kritiek van Perestroika en Gorbachev self ingesluit
- Heelwat onversetlike kommuniste was ontevrede met beleid wat ongewild geword het
- Tuis het hy twee tipes opponente gehad: onversetlikes wat teen die hervormings gekant was en liberale wat hom gekritiseer het dat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Die twee beleide het mekaar nie so ondersteun as wat gedink is nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het tuis steun verloor – eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Val van die Berlynse Muur (1989) het die val van kommunisme beteken
- Baie onderliggende verskille het altyd onder die 15 republieke bestaan
- Burgerlike verset het tussen verskillende groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het na vore gekom en tot nuwe eis vir onafhanklikheid gelei
- Hy het probeer om die disintegrasie te keer deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, Rusland, onder Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, ingesluit, hulle onafhanklikheid verklaar

- Op 25 Desember 1991 het die USSR asook die Kommunisteparty ontbind
- Elkeen van die 15 republieke het onafhanklikheid verkry en lede van die Commonwealth of Independent States(Statebond van onafhanklike state) geword
- Die disintegrasie het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer
- Die VSA het die enigste supermoondheid gebly
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou